maroelamedia.co.za

# Mosselbaai nou ‘gepantser’ teen misdaad

*13 Julie 2023*

*Anja van der Merwe*



(Foto: Verskaf)

Die voortgesette pogings van die Mosselbaai-plaaslike munisipaliteit om gemeenskapsveiligheid te verbeter, het Woensdag ’n groot hupstoot gekry met die bekendstelling van twee pantservoertuie.

Volgens Regan Thaw, woordvoerder van die Wes-Kaapse regering, is die voertuie deur die Suid-Afrikaanse maatskappy, SVI Engineering, verskaf. Die voertuie, genaamd MAX 3 Troupees, kan agt mense vervoer en word van ballistiese materiaal van hoë gehalte vervaardig.

“Dit sal deel vorm van die munisipaliteit se nuutgestigte honde-eenheid en in verskeie misdaadbekampingsoperasies – in samewerking met die polisie – aangewend word, soos om te reageer op onwettige grondbesettings en betogings. Die voertuie sal ook ontplooi word om beskerming te bied om infrastruktuurdienste in gevaarlike gebiede te beveilig,” sê Thaw.

“Die munisipaliteit se honde-eenheid – wat deur die Wes-Kaapse regering gefinansier word – sal binnekort misdaad uitsnuffel wanneer dit in die komende maande amptelik bekendgestel word. Die eenheid sal uit vier Belgiese Malinois-honde bestaan.”

Premier Alan Winde en Reagen Allen, provinsiale minister van polisie-oorsig en gemeenskapsveiligheid, het die bekendstelling by die stadsaal in Mosselbaai bygewoon.

“Die bekamping van misdaad van alle soorte is ’n sleutelprioriteit as ons die plaaslike ekonomie wil laat groei. Hoë vlakke van misdaad is ’n groot belemmering vir groei en ekonomiese ontwikkeling. Inwoners, sake-eienaars en landelike gemeenskappe verdien dit om veilig te voel. Daarom verwelkom ek die munisipaliteit se pogings om veiligheid en sekerheid te verbeter,” het premier Winde opgemerk terwyl hy die voertuie ondersoek het.


Ons gebruik koekies om ons webwerf behoorlik te laat werk, inhoud en advertensies te verpersoonlik, om sosialemedia-funksionaliteit moontlik te maak en om ons verkeer te ontleed. Ons deel ook anonieme inligting oor die gebruik van ons webwerf met ons sosialemedia-, reklame- en ontledingsvennote.

Aanvaar alle koekies

Koekie-instellings

"Die bekamping van misdaad kom in baie vorme voor – van die gebruik van pantservoertuie tot die mens se beste vriend. Ons moet alle hulpbronne tot ons beskikking inspan om ons gemeenskappe plekke van hoop en waardigheid te maak."

Allen het die munisipaliteit gelukgewens met die ontplooiing van die pantservoertuie.



*(Foto: Verskaf)*

"Dit is 'n opwindende oomblik vir die inwoners van die hele gebied, en hulle kan trots wees op hul munisipaliteit. Dit verskaf my groot vreugde om te sien hoe ons vennote op plaaslike regeringsvlak ook veiligheid prioritiseer," sê die minister.

"Mettertyd sal die veiligheidsinisiatiewe in die gebied versterk word wanneer ons honde-eenheid ook formeel bekendgestel word. Dit sal nog 'n laag verskaf om 'n veiliger Wes-Kaap te skep waar ons mense in waardigheid kan lewe."

Deel van: SA-nuus

Ons gebruik koekies om ons webwerf behoorlik te laat werk, inhoud en advertensies te verpersoonlik, om sosialemedia-funksionaliteit moontlik te maak en om ons verkeer te ontleed. Ons deel ook anonieme inligting oor die gebruik van ons webwerf met ons sosialemedia-, reklame- en ontledingsvennote.

## 11 Kommentare

**Witwax** · *6 maande gelede*

Dit is baie goed, daar word darm iets gedoen om misdaad te bekamp.

**Republikein in die Wes Kaap** · *6 maande gelede*

Handig die voertuie oor aan die SAPS en dis die einde.

**Johan Tredoux** · *6 maande gelede*

LOL! Gaan niks doen om misdaad te bekamp nie. Siestog.

**Piet Snot** · *6 maande gelede*

Mors van geld (tot ek redes tot die teendeel sien).

**Trotse Boervrou** · *6 maande gelede*

Baie geluk aan Mosselbaai Munisipaliteit. Dit wil gedoen wees. Ten minste probeer jul jul dorp se inwoners beskerm. Julle gesindheid en bereidwilligheid om sulke diendte te lewer behoort 'n voorbeeld vir almal te wees en is prysenswaardig. Bou voort hierop om jul pragtige dorp in al sy glorie te herstel. Misdaad is ongelukkig oral aan die orde van die dag. Ek hoop jul behaal reuse suksesse hiermee.

**Grassie** · *6 maande gelede*

Dit is die beste nuus wat ek in 'n lang tyd gehoor het. Die insittendes moet nou net met haelgewere en donshaelpatrone toegerus word. Dit maak nie dood nie, net seer. Dit het in die "ou" dae baie goed gewerk. Dit ruim 'n gewelddadige optog en plundering binne minute op sonder sterfgevalle. Maar vandag se misdadigers is mos kroonwild, jy mag nie teen hulle optree nie.

**JvR** · *6 maande gelede*

Met Mosselbaai se opdraendes en afdraendes gaan n pantser voertuig net werk om van put a na punt b te kom.

**Yolandie** · *6 maande gelede*

As jy iets gedoen wil hê, dan doen jy dit sommer self. Welgedaan aan Mosselbaai vir die planne wat hulle hier gemaak het.

**Johan Tredoux** · *6 maande gelede*

Planne sonder funksie. LOL!

Ons gebruik koekies om ons webwerf behoorlik te laat werk, inhoud en advertensies te verpersoonlik, om sosialemedia-funksionaliteit moontlik te maak en om ons verkeer te ontleed. Ons deel ook anonieme inligting oor die gebruik van ons webwerf met ons sosialemedia-, reklame- en ontledingsvennote.

**Marcello** · *6 maande gelede*

Ja, 'n Mems kan sien wie regeer in Mosselbaai. 10/10 vir die stadsraad.

**Lyon** · *6 maande gelede*

Kan lekker groceries aanry.

O wee, die gesang is uit! Die kommentaar op hierdie berig is gesluit. Kom kuier gerus lekker verder saam op 'n ander artikel.

Maroela Media vertoon met trots die "FAIR"-stempel van die Persraad van Suid-Afrika, wat ons toewyding aandui om aan die Perskode vir Etiek en Gedrag vir die Suid-Afrikaanse druk- en aanlyn media te voldoen. Hierdie kode bepaal dat ons beriggewing getrou, akkuraat en regverdig is. Indien jy 'n klag oor ons nuusverslaggewing wil indien, dien asseblief 'n klag in op die Persraad se webwerf, www.presscouncil.org.za, of stuur die klag na enquiries@ombudsman.org.za. Kontak die Persraad by 011 484 3612.

© 2011 - 2024 Maroela Media. | Bepalings en voorwaardes | Privaatheidsbeleid | Koekies | Handleiding vir toegang tot inligting

Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging.

Ons gebruik koekies om ons webwerf behoorlik te laat werk, inhoud en advertensies te verpersoonlik, om sosialemedia-funksionaliteit moontlik te maak en om ons verkeer te ontleed. Ons deel ook anonieme inligting oor die gebruik van ons webwerf met ons sosialemedia-, reklame- en ontledingsvennote.